HOE OM DIE **DRUKBOTTEL** TE MAAK EN TE GEBRUIK 2

Spaar water terwyl jy hande was

STAP 1: JY KORT

- 'n Skoon plastiekbottel met 'n doppie (bo) wat styf toemaak. Dit kan enige grootte wees, van 500 mℓ tot 2 ℓ. 'n Sagte plastiekdoppie is die beste, maar harde plastiekdoppies sal ook werk.
- 'n Haakspeld, koppiespeld of naald om fyn gaatjies mee te maak.

STAP 2: MAAK GAATJIES IN DIE DOPPIE



- Druk 'n gaatjie in die middel van die doppie met die speld (of naald).
- Maak so 7 gaatjies in 'n sirkel in die middel van die doppie, en dan nog so 11 gaatjies rondom daardie een.
- Moenie die gaatjies naby die rand van die doppie maak nie sodat die water nie te wyd uitspuit nie.

STAP 3: TOETS DIE SPROEI

- Maak die bottel vol skoon water en sit die doppie op.
- Draai die bottel onderstebo en druk dit saggies.
- Die water behoort in 'n fyn sproei uit te vloei - net oor die hande waar dit nodig is om so enige vermorsing of gemors te verhoed.

STAP 4: WAS JOU HANDE

- Vra iemand om jou hande met die sproei nat te maak.
- Draai dan die bottel weer regop om die watervloei te stop.
- Was jou hande ten minste 20 sekondes lank met seep sodat die seep jou hande behoorlik kan ontsmet.
- Spoel dan weer af met die watersproei.
- Maak jou hande met 'n skoon handdoek of handdoekpapier droog of skud dit sommer droog.

BELANGRIK:

- Moenie 'n drukspeld, mes, vurk, boor, spyker, skroef of skroewedraaier gebruik nie. Die gaatjies sal te groot wees, en die sproei sal nie goed werk nie.
- Maak seker die bottel is behoorlik skoon voor jy dit gebruik. Moenie bottels gebruik waarin daar voorheen chemikalieë of ander skadelike middels soos paraffien, bleikmiddel, ens. was nie. Spoel dit elke tweede dag uit en gooi skoon water in. Hou die bottel uit sonlig.
- Gebruik net skoon, koue water. Moenie seep of skoonmaakmiddels daarin sit nie.

Vir kort demonstrasievideo's en ander waterwyse maniere om jou hande te was, soos die 'Tippy Tap' en oorspronklike drukbottelmetodes, gaan na: **www.capetown.gov.za/coronavirus**

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Was jou hande. Hou jou afstand.

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.